Ambassadeurs opgelei om onnies te help

Alet Rademeyer

Onderwysambassadeurs gaan van volgende jaar af opgelei word om in benadeelde skole onderrig te gee waar die tekort aan onderwysers die ergste is.

Teach South Africa, 'n art. 21-maatskappy, is deur sakelui gestig om die tekort aan opgeleide onderwysers hok te slaan en om iets te doen aan onaanvaarbare groot klasse in township- en landelike skole.

Die program gaan hoofsaaklik op onderrig in wiskunde, wetenskap, tegnologie en Engels fokus.

Dié ambassadeurs sal afgestudeerde gegradueerdes wees wat bereid is om vir twee jaar skool te hou. Hulle sal uit verskeie studievelde kom en tydens die twee jaar ook opleiding in onderwys en leierskapsontwikkeling kry.

Volgens mnr. Futhi Mtoba, voorsitter van Deloitte, wat ook 'n stigterslid van Teach SA is, sal daar gekyk word na studente wat akademies uitstekend gevaar het en bereid is om nie net in 'n skool nie, maar ook in 'n gemeenskap 'n verskil te maak.

Dié ambassadeurs sal deur die Gautengse onderwysdepartement 'n salaris betaal word.

Gedurende die twee jaar sal die ambassadeurs ook die geleentheid kry om 'n onderwyskwalifikasie te verwerf.

Sowat 248 studente het reeds hiervoor aansoek gedoen.

Die doelwit is om die aanvoorprojek met 60 ambassadeurs in 15 hoërskole en 5 laerskole in Ekurhuleni af te skop.

Daarna sal dit na Limpopo en uiteindelik ook landwyd uitgebrei word.

Die verwagting is dat daar teen 2013 sowat 1 500 ambassadeurs in 380 skole landwyd sal wees. Teach SA beoog om vennootskappe met verskeie instansies en nie-regeringsorganisasies te sluit wat kan help om in skole se infrastruktuur en ander behoeftes, soos handboeke en toerusting, te voorsien.

Volgens Mtoba hou die projek verskeie voordele vir almal in. Die korporatiewe sektor sal eindelik intellektuele kapitaal kan lok en behou en hul maatskaplike verpligting teenoor die land kan nakom. Die ambassadeurs hul karakter kan ontwikkel en werkondervinding kan opdoen.